REDAKSIONEEL
EDITORIAL

A notable event has occurred since my last editorial - we have had a successful and well-attended launch at which the Minister of Cultural Affairs, Sport and Recreation, Western Cape, Mr Philip Jacobs did the honours. Bridgetown Library (City of Cape Town) proved to be gracious hosts and the launch set the scene for what has turned out to be one of the most popular Library Weeks in recent years in the Western Cape. More about the launch on page 5.

Libraries all too often don't receive the recognition they deserve. One way of putting your library on the map so to speak is to follow in the footsteps of the Southern Peninsula Administration's Public Relations Advocacy and Outreach Group and produce a video to promote your library to all and sundry - ranging from town and city councilors to the community at large. On page 35 Anne Baitz furnishes some guidelines.

There probably is not a newspaper, magazine, radio or television station that will not at some stage or other this year, feature that great composer, Wolfgang Amadeus Mozart. It is two hundred and fifty years since his birth. He is widely acknowledged as a brilliant composer who in his short lifetime produced some 626 pieces of music and the world is still agog, not only at his exceptional productivity but also at the sheer genius that characterises most of his work.

Not to be outdone by the rest of the media, the **CL** brings you a feast of articles, the first of which, *Amadeus Beloved of God*, (page 10) is the product of our correspondent Philip de Vos; a selection of his music as offered by our Central Reference Collection and compiled by Dalena le Roux on page 42; an overview of some Mozart-inspired documentaries compiled by Janine de Villiers (page 31); and finally, on page 40 an easy-to-produce display for librarians by graphic designer Monica Wagner. If you are one of the many millions of Mozart fans then this issue is for you.

Sedert my laaste redaksionele bydrae is die jaarlikse amptelike bekendstellingsfunksie van Biblioteekweek met groot sukses deur Bridgetown Biblioteek (Kaapstad Biblioteke) aangebied. Gaste is vereer met die teenwoordigheid van die Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning in die Wes-Kaap, Mnr Philip Jacobs, wat as gasspreker opgetree het. Die funksie was net die voorloper van een van die mees populêre Biblioteekweek-veldtogte in die afgelope paar jaar. Meer hieroor op bladsy 5.

Al te dikwels kry biblioteke nie die erkenning wat hulle toekom nie. Een manier om te verseker dat 'n biblioteek se deugde besing word, is om in die Suid-Skiereiland Administrasie Openbare Betrekkinge en Uitreikgroep se voetspore te volg en 'n video te produseer waarin die biblioteek deeglik bemark word - nie net aan die wyer publiek nie maar ook spesifiek gerig op besluitnemers soos stadsraadslede. Anne Baitz gee 'n paar riglyne op bladsy 35.

Daar is seker nie 'n koerant, tydskrif, radio- of televisiestasie wat nie op een of ander tyd vanjaar die kollig op die beroemde komponis, Wolfgang Amadeus Mozart gaan laat val nie. Dit is 250 jaar sedert sy geboorte en hy word steeds wyd en syd erken as 'n briljante komponis wat gedurende sy kort leeftyd ongeveer 626 werke die lig laat sien het. Vandag nog is die wêreld sprakeloos, nie net oor sy verstommende produktiwiteit nie, maar ook sy ongelooflike talent.

Die **KB** laat beslis nie op hom wag nie en 'n leesstoffees wag op ons lesers, beginnende met korrespondent Philip de Vos se *Amadeus Geliefde van God*, op bladsy 10; 'n keur van sy musiek aangebied deur Dalena le Roux, Sentrale Naslaan Versameling (bladsy 42); 'n oorsig van Mozart-geïnspireerde dokumentêre video's op bladsy 31 saamgestel deur Janine de Villiers; en ten slotte, op bladsy 40, 'n maklike uitstalling vir bibliotekarisse deur ons grafiese kunstenaar, Monica Wagner. So, indien u een van die miljoene aanhangers van Mozart is, duik onmiddellik in die tydskrif in!

Grizéll Azar-Luxton

Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

***Editor** • Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

***Sub-editor** • Subredakteur*
Janine de Villiers
Tel: (021) 483-2234

Graphic Designer / Photographer
Grafiese Ontwerper / Fotograaf Monica Wagner

Administration and Advertising
Administrasie en Advertensies
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

***Web site** • Webtuiste*
www.capegateway.gov.za/library

***E-mail** • E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

***Address** • Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

***Indexed in** • Geïndekseer in*
LISA (Library and Information Science Abstracts)

Reproduction and Printing
Reproduksie en Drukwerk
Mills Litho
11th Avenue, Maitland 7405

***Cover design** • Omslagontwerp*
Jack Russell Design

Cover photography
Omslagfotografie
Wayne Keet

© Library Service © Biblioteekdiens

SA ISSN 0 008 5790